


SYSTEM UPDATE
PREEKREEKS
3 AUG – 7 SEPT
UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREEKREEKS


~ ` ! 1 @ 2 # 3 $ 4 % 5 ^ 6 & 7 * 8 ( 9 ) 0 _ - + = delete
tab Q W E R T Y U I O P { [ } ] | \
caps lock A S D F G H J K L : ; " ' enter return
shift Z X C V B N M < , > . ? / shift
alt alt

# WARNING!!!
# SYSTEM UPDATE

## INTRODUCTION

Hierdie tyd van die jaar begin jou geestelike stelsel **waarskuwings** wys dat dit aandag nodig het. Jy's besig, maar nie noodwendig naby aan God nie. Jy dra baie, maar groei min. Hierdie preekreeks is 'n uitnodiging om eerlik te kyk na die toestand van jou geestelike stelsel - vol waarskuwings wat jy dalk al lank ignoreer: **system error, battery low, storage full... Met ses van Jesus se gelykenisse as gids, luister ons weer na God se stem wat sag maar dringend sê:** "Kyk weer. Luister weer. Leef weer." Dis tyd vir 'n geloofs-update

Dit is belangrik om iets te verstaan van gelykenisse: Gelykenisse is nie ware verhale [soos geskiedenis nie], maar eerder tipiese stories wat oral in mense se lewens afspeel. Jesus se hoorders het ook saad gesaai, verlore skape gesoek en transaksies beklink. Wat Jesus se gelykenisse wel anders maak as gewone ervarings, is dat dit eerstens vir ons leer hoe ons moet kies en optree, en tweedens ook 'n blik op God self gee. Ons sien iets van God in 'n verlore seun se pa of in 'n vrou wat sonder ophou haar verlore munstuk soek. Gelykenisse het dikwels ook 'n kinkel – die storie eindig anders as wat ons sou verwag. Hierdie **verrassings** is gewoonlik die **sleutel** om 'n gelykenis te verstaan. **As jy dan 'n gelykenis lees, moet jy op die uitkyk wees vir die kinkels…**

# WARNING!!!
# SYSTEM UPDATE

Ons preekreeks is ook bedoel om verby jouself te kyk. Ons begin met jou eie identiteit, maar dan praat ons ook oor jou roeping en oor die verskil wat jy kan maak.

## DIE PROGRAM:

· **03 AUG: WEEK 1 SYSTEM ERROR!!!**
Die verlore skaap {Lukas 15:3-7}
[Ds Christian Oberholzer]

· **10 AUG: WEEK 2 CORRUPT FILE DETECTED:**
Die onbarmhartige dienskneg {Matteus 18:21-35}
[Ds Anuschka Smit]

· **17 AUG: WEEK 3 STORAGE FULL:**
Die skat in die saailand {Matteus 13:45-46}
[Ds Christian Oberholzer]

· **24 AUG: WEEK 4 BATTERY LOW:**
Die onvrugbare vyeboom {Lukas 13:6-9}
[Ds Arno Meiring]

· **31 AUG: WEEK 5 SYSTEM REBOOT INITIATED:**
Die oneerlike bestuurder {Lukas 16:1-13}
[Alicia Bosman]

· **07 SEP: WEEK 6 READY TO USE:**
Die mosterdsaad en die saaier {Matteus 13:31–32 & Matteus 13:1–23
[Ds Anuschka Smit]

# SYSTEM {ERROR} {ALERT}

## WEEK 1

[CHRISTIAN OBERHOLZER]

### YSBREKER

As jy een emoji moes kies wat jou jaar tot op hierdie punt die beste sou opsom, watter een sou jy kies? Stuur daardie **emoji** op die groeigroep se WhatsApp groep en vertel vir mekaar hoekom jy daardie emoji gekies het.

### LUKAS 15:1-7

{DIE VERLORE SKAAP}



Daar is niks wat 'n mens so **gespanne** maak en na jou asem laat snak soos daardie aaklige **notification** wat op jou rekenaar verskyn en sê: **"System Error"**. Jy weet nog nie wat presies verkeerd is nie, maar jy weet hier is **groot fout!**

In die middel van die jaar kyk ons terug na Januarie en ons besef: **dinge het dalk nie uitgewerk soos ons beplan het nie.** Miskien is daar verhoudings wat skeef geloop het; keuses wat gemaak is met 'n negatiewe uitwerking op jou lewe; jou akademiese drome lê dalk reeds op die rotse; op 'n persoonlike vlak voel jy nie soos die beste weergawe van jouself nie; en nog dieper - jou verhouding met die Here voel dalk deurmekaar, stukkend en verlore.

As jy jouself iewers hierin raak lees of angstig word oor soortgelyke omstandighede, dan weet jy: **hier is groot fout!** Dinge is nie besig om te werk soos dit moet werk nie.

Hierdie reeks wil juis hier begin – by daardie **“error notifications”** in ons lewens wat sê – daar is **fout en alles werk nie soos dit moet en kan werk nie.** Ons wil jou nie skuldig laat voel hieroor nie, juis die teenoorgestelde. Ons wil jou herinner dat God jou met sy genade op daardie deurmekaar, stukkende en verlore plek kom ontmoet. Die groot vraag is net: het ons die moed om voor Hom te erken dat daar iets fout is?



# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

Klink iets vir jou bekend aan hierdie gelykenis wat Jesus vertel het? Voel dit nie vir jou of jy al iewers iets soortgelyks gehoor het nie? Met hierdie gelykenis vertel Jesus **Psalm 23** in 'n nuwe vorm oor. **Gaan lees weer Psalm 23** en kyk watter ooreenkomste jy tussen hierdie gelykenis en Psalm 23 raaksien.

'n Gelykenis is 'n eenvoudige storie wat uit alledaagse dinge bestaan en gebruik word om mense uit te daag om dieper na te dink oor morele en geestelike kwessies. Jesus vertel hierdie gelykenis op ‘n uitstekende manier. Hy trek die leser in die verhaal in deurdat jy amper jouself nie kan keer om ook te wonder wat jy sou doen as jy die herder was wat 'n skaap verloor het, of wat jy sou doen as jy die verlore skaap was nie.
Maar Hy plaas Homself ook in die middel van die gelykenis: Hy is die **Herder** wat enige iets sal doen om die een verlore skaap te gaan vind. Hierdie gelykenis wil onder andere vir ons kom bevestig wie Jesus is: Hy is, soos Psalm 23 sê, die Goeie Herder wat selfs deur 'n dal van donker skaduwee sal gaan om my te vind, en wanneer Hy my gevind het, feesvier en my ook by daardie feesmaal laat aansit. Jesus is die Herder waarvan Dawid in Psalm 23 getuig.

HTTPS://WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREEKREEKS

# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

**Lukas 15** bestaan uit 3 gelykenisse wat as 'n eenheid gelees moet word, omdat Jesus deur hierdie gelykenisse presies vir ons wil kom vertel en verduidelik **wie Hy is**. Die goue draad deur hierdie drie gelykenisse is sy genade – God se genade is soekend en word vrygewig en sonder voorwaardes weggegee. Met ander woorde, as ek en jy die verlore skaap in die gelykenis moes verteenwoordig, is dit nie ons wat vir Jesus moet gaan soek om gevind te word nie. Hy kom soek ons, terwyl Hy alles agter sal laat, om die een wat verlore is te vind. Is dit nie genade onbeskryflik groot nie?

Herders uit vandag se Midde-Ooste vertel dat **skape wat van hul trop verlore raak**, amper 'n tipe verlammende **angstigheid sou ervaar** wat maak dat die skaap niks anders sou kon doen as om onder 'n bos te gaan lê en blêr vir hulp nie. Ons lewe in 'n dol wêreld met so baie verwagtinge en hoë standaarde wat ons ook met 'n **verlammende angstigheid kan oorweldig**. **Ons kan maklik verlore raak in die verwagtinge, druk, hoë standaarde en vinnige pas van die wêreld.** Die Herder maak 'n belofte: maak nie saak hoe verlore ons is of hoe ver ons van die pad afgedwaal het nie, sy genade sal ons altyd kom vind.

## CHAT ROOM

1. **Wat is dit in jou lewe wat daardie verlammende gevoel binne jou skep?**

2. •Op watter manier roep (blêr) jy uit na God in jou eie 'verdwaalde' situasies? Kan jy een so 'n situasie met die groep deel?

3•Jesus los die 99 vir die 1. Wat vertel dit vir jou oor wie Hy is en wat Hy alles bereid is om vir jou te doen?

4.•Uit hierdie teks, wat glo jy is dit wat vreugde aan God verskaf?

5.•Hoe verander die manier hoe ons leef, wanneer die Goeie Herder ons gevind het?

Herders uit die Midde-Ooste vertel verder dat wanneer hulle 'n verlore skaap in die wildernis sou vind, die skaap as gevolg van die angstigheid te moeg sou wees om agter die herder aan te stap tot by die veiligheid van die kudde. Die herder sou die skaap op sy skouers tel en hom terug dra tot veiligheid. **Wat kan jy doen as jy jouself vandag met 'n 'verlore skaap' kon identifiseer?**

## PRAKTIESE RIGLYNE:

**1.Wees eerlik:** Moenie jou verlorenheid wegsteek nie. God begin juis daar waar jy nou is! Deel met Hom waar jy is.

**2. Laat jouself toe om gevind te word:**
– Hou op weghardloop van God se genade. Stop, en laat Hom toe om jou op sy skouers kan tel.

**3. Vier Genade:** God vier fees en verbly Homself oor elkeen wat toelaat dat Hy hulle in hulle verlorenheid kan vind. Hy doen dit sonder voorkeur of voorwaardes en Hy doen dit met elkeen van ons. Vier dat God se genade nie net vir jou bedoel is nie, maar ook ander omvou.

**4. Soek saam:** Binne die kudde voel al die skape veilig en tuis, veral dié wat eers verlore was. Jy het die geleentheid om 'n stuk veilige genade vir daardie persoon wat verlore (verdwaald, afgeskryf, onbelangrik) geraak het, te kan wees. Nooi hulle om eerlik te wees en God se genade vir hulself te ontvang.

# UITDAGING VIR DIE WEEK:

**Godstories**
God is sigbaar en lewend teenwoordig in die daaglikse lewe en werk van elke gelowige. Daarom is ons persoonlike verhale, kragtige bewyse van hoe die Heilige Gees in ons lewe beweeg. Deur hierdie verhale met mekaar te deel, leer ons by mekaar en word ons uitgedaag om God ook in ons eie daaglikse lewe raak te sien en met sy beweginge in pas te kom.

Gebruik 'n oomblik om te **reflekteer oor jou week/dag: deel met jou groep waar jy God se teenwoordigheid raak gesien het.** Hierdie oefening veronderstel 'n openheid om deur die Gees verras te word en om God in ons alledaagse lewe en wêreld te ontdek.
God is nie net in die groot en buitengewone dinge nie, maar ook in die doodgewone alledaagse gebeure van ons lewens.
Jou uitdaging vir die week is om elke dag een God storie te vertel. Oefen dit nou in julle groep.

# PERSOONLIKE STILTETYD

Lees hierdie week elke oggend Psalm 23 voor jy die dag begin. Jy kan dalk vir jouself 'n nuwe **"wallpaper"** maak om op jou foon of tablet te sit, om jouself aan die wonderlike belofte van hierdie Psalm te herinner.



# CORRUPT FILE DETECTED

# WEEK 2

[ANUSCHKA SMIT]

## YSBREKER

**[Speel 'n vinnige speletjie]**

Laat elkeen in die groep noem watter **"app"** hul persoonlikheid die beste beskryf - byvoorbeeld: **Spotify {vol emosies}**, **Notes {altyd besig met planne}**, **WhatsApp{sosiaal}**, **Calculator {hou van orde)**, **of Trash Bin (hou goed te lank}.** Gebruik dit as wegspringplek om lighartig maar eerlik te begin dink oor wat alles in ons geestelike stelsel rondlê.


## MATTEUS 18:21-35

DIE BARMHARTIGE DIENSKNEG

Het jy al ooit daardie **nare ervaring** gehad wanneer jou rekenaar uit die bloute begin **stadig raak...vries...;** en skielik pop 'n boodskap in **rooi letters oor jou skerm: "Virus Detected – Corrupted File!"?** Dit is dié oomblik wanneer jy met skok besef dat jou belangrikste dokumente, kosbare foto's en al jou harde werk moontlik vir altyd verlore is. Maar weet jy wat regtig skrikwekkend is? Hierdie probleem lê dalk baie nader aan jou as net jou laptop. Wat as jou eie hart deur **dieselfde soort fout geraak word?** Hierdie week delf ons diep in 'n kragtige storie wat Jesus vertel het – 'n storie oor iemand wie se hart deur onvergewensgesindheid korrup geraak het, amper soos deur 'n virus besmet. Ons ontdek saam hoe maklik hierdie een **"virus" jou hele menswees kan beïnvloed.** Dis dalk 'n ongemaklike gedagte, maar dit is ook 'n opregte uitnodiging om stil te raak en na jou eie hart te kyk. As 'n mens dadelik optree wanneer jou rekenaar hierdie waarskuwing gee, behoort ons sekerlik met nóg groter dringendheid aandag te gee aan ons eie interne stelsels.

## CHAT ROOM

- Watter deel van die storie het jou die meeste getref of bygebly, en hoekom dink jy was dit juis daardie deel?
- Is daar 'n karakter in die storie met wie jy jouself 'n bietjie kan vereenselwig? Hoekom sou jy so sê?



## DIE STORIE AGTER DIE STORIE

- Om regtig die skok en die krag van Jesus se gelykenis van die onbarmhartige dienskneg te verstaan, moet ons in die sosiale en kulturele wêreld van die eerste-eeuse Jode duik. Hierdie is nie net 'n mooi storie met 'n morele les nie – dit is 'n kultureel gelaaide oomblik wat Jesus se hoorders sou laat snak het na asem.

## [GROEIGROEP ONDERWERPE]

1. ['N SKULD SO GROOT DIS BELAGLIK]
2. [GENADE WAT JOU EER KOS]
3. [JY'T VERGIFNIS GEKRY - NOU WAT?]
4. [DIE KONING MÓÉS IETS SÊ]

HTTPS://WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREEKREEKS

# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

**1)’n Skuld so groot dis belaglik**

Jesus gebruik ’n bedrag wat mense nie eers kon verwerk nie – dit was soos om te sê iemand skuld biljoene. Die skok lê in hoe onmoontlik dit was om ooit self daarvoor op te maak.

**2) Genade wat jou eer kos**

In Jesus se tyd was eer belangriker as geld. Om iemand se skuld te kanselleer, was nie net goedhartig nie – dit het jou status en respek in die gemeenskap beïnvloed.

**3) Jy’t vergifnis gekry – nou wat?**

Die storie het toe 'n slegte wending: die ou wat vergifnis ontvang het, gee dit nie aan iemand anders nie. Dit is juis Jesus se punt – jy kan nie regtig genade ontvang en bly soos jy was nie.

**4) Die koning móés iets sê**

Die koning moes optree – nie net oor geregtigheid nie, maar om sy eie naam te beskerm. In ’n kultuur van eer en skande wys Jesus hoe belangrik dit is om genade ernstig op te neem.

# CHAT ROOM

1. Hierdie gelykenis gebruik ’n skokkende kontras tussen wat die dienskneg ontvang en wat hy self uitdeel. Wat sê dit vir jou oor hoe Jesus verstaan wat reg en onreg is in verhoudings tussen mense? Hoe word dit aan God se verwagtinge vir ons gekoppel?

2. Die koning se optrede teenoor die dienskneg is onrealisties genadig, maar tog volg daar harde oordeel aan die einde. Wat dink jy probeer Jesus hiermee sê oor die verband tussen genade en verantwoordelikheid?

3. Is daar situasies waar jy voel iemand anders verdien nie jou vergifnis nie? Hoe kan hierdie gelykenis jou help om anders na daardie gevoel te kyk?

4. Onvergewensgesindheid is soos ’n virus wat stelselmatig alles in jou binneste besmet. Watter tekens van hierdie **“virus”** herken jy dalk in jouself – selfs op subtiele maniere?

5. Wat sou dit prakties beteken om jouself oop te stel vir innerlike transformasie deur God se genade - spesifiek rondom iemand of iets wat jou seergemaak het?

# PRAKTIESE RIGLYNE

**Hier is vyf rigtingwysers vir 'n lewe waarin God se genade sigbaar word:**

- **Laat genade jou identiteit vorm:**

Jy is nie jou prestasies of mislukkings nie: jy is iemand wat ten volle vergewe is. Herinner jouself daagliks aan daardie waarheid.

- **Verander jou eerste reaksie:**

Vergifnis begin nie altyd met 'n gevoel nie, maar met 'n besluit. Begin deur daardie besluit te oefen – al voel jy nog nie daar nie.

- **Wees radikaal anders:**

Genade beteken jy tree anders op as wat die wêreld verwag. Jy gee vrylik wat ander vasgryp. Jy kies vrede waar ander vergelding kies.

- **Skep nuwe gewoontes:**

As jy weet dat sekere situasies jou laat terugval in bitterheid of oordeel, skep bewustelik nuwe patrone:’n gebed, ’n teksvers, ’n stil word.

- **Laat ander die vrugte van jou vergifnis sien:**

Wanneer jy iemand vergewe, beteken dit nie jy maak seer dinge goed nie. Dit beteken jy kies om nie langer daardeur gedefinieer te word nie, en daardie keuse bring lig vir ander.

# PERSOONLIKE STILTETYD VIR DIE WEEK

## UITDAGING VIR DIE WEEK:

Kies een persoon vir wie jy sukkel om te vergewe – nie omdat hulle dit verdien nie, maar omdat jy weet jy self diep vergewe is. **Bid hierdie week vir daardie persoon.**

## OGGEND - RESTART-KNOPPIE

- Soms voel jy soos 'n stelsel wat vasgeloop het. Jou kop is vol oop **tabs**. Jou hart vol **downloads** wat nooit klaar maak nie.
- Sit stil. Lees Matteus 18:27.
- Dink: Watter **"corrupted files"** dra ek saam – skuld, bitterheid, selfverwyt?
- Bid: "Here, reset my binnekant. Maak skoon wat ek nie self kan **herstel** nie."

## AAND - STIL SKANDEER

- Voordat jy gaan slaap: doen 'n stiltetyd **"virus scan"**.
- Dink oor jou dag:
- Het ek iemand anders se genade gemis?
- Is daar iets wat ek môre anders wil aanpak?

# STORAGE FULL!!!

# WEEK 3

[CHRISTIAN OBERHOLZER]

## YSBREKER

Laat elkeen noem:

- Watter app op jou foon gebruik jy die meeste?
- Wat is die eerste ding wat jy oopmaak as jy **wakker word in die oggend?**
- As jou foon **net 3 apps** kon hê, wat sou jy kies?

Dink 'n bietjie dieper:
**As jy jou hart soos 'n selfoon moes sien, wat vat die meeste spasie? En wat sou jy sê kort meer spasie in jou hart?**

**MATTEUS 13:44-58**

DIE SKAT IN DIE SAAILAND

Niks is so frustrerend as daai **"pop-up notification"** verskyn wat sê – **"Storage Full"** nie. 'n Mens dink dadelik by jouself, maar hoe is dit moontlik, veral as jou foon of "cloud account" redelik baie spasie het. In 'n mens se ondersoek om te sien wat dit is wat al jou spasie opgeneem het, kom jy gou agter dat daar maar 'n klomp **nuttelose en onnodige goedjies is,** wat dalk nie na baie lyk nie, maar saam, **baie plek en spasie opgeneem het.**

Dinge soos foto's wat op die **"group chat"** gestuur was; 'n paar **pdf files wat nie so belangrik is nie**; **app's wat gedownload was omdat jy gedink het dit jou met iets kan help en nooit gebruik was nie;** WhatsApp gesprekke en groepe wat al vir jare net daar lê; en so kan 'n mens aangaan. **Op die oog af lyk dit altyd of dit nie baie spasie opneem nie, maar saam, maak dit alles vol.**

# STORAGE
# FULL!!!



Is die lewe nie ook partykeer so nie? Ons heel gunsteling ding om te sê is **"ek baie besig is" en dat "ek nie baie tyd het"** om iets te kan doen nie. Daarmee saam hou ons tog onsself besig met ure se **"doom scrolling", "binge watching", "trends"** en soveel meer. **Ons maak ons koppies baie keer vol met wereldse goed en deur dit te doen, laat ons meer en meer toe dat wêreldse standaarde en norme ons identiteit en wat vir ons belangrik behoort te wees, bepaal.** As ons emosionele, geestelike en fisiese **"storage"** vol raak met wêreldse dinge, het dit 'n geweldige negatiewe effek op hoe ons lewe, hoe ons oor onsself dink, en op **ons geestelike en "mental health".** Daarom die groot vraag hierdie week: **hoe lyk jou prioriteite? En wat behoort 'n gelowige se prioriteite in 'n besige wêreld te wees?**

# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

In hierdie perikoop vertel Jesus in sy huis vir sy dissipels nog drie gelykenisse om vir hulle iets van die koninkryk van die hemel te verduidelik. **Maar Jesus verklaar net die derde gelykenis.**

In die antieke tyd het mense **waardevolle en kosbare items begrawe**. Daar was nie banke of kluise waarin of waarby hulle hierdie items kon gaan stoor of bêre nie. Maar, die wat op so ‘n kosbare item sou afkom, kon dit of vir hulself geneem het, of vir die eienaar teruggegee het. **Jy het dan ‘n keuse gehad: gaan begrawe of steek dit weg op ‘n ander plek, of koop die land waarin dit weg gesteek was, soos in hierdie gelykenis. Volgens wet was die skat in die land dan die nuwe eienaar se eiendom.** Net so ook as jy iets baie waardevol ontdek het, soos ‘n pêrel. **Pêrels** was destyds afkomstig van Indië en was natuurlik ‘n baie duur en waardevolle item gewees. Die handelaar waarvan ons lees is bereid om alles te verkoop en op te gee wat hy het, net om hierdie een waardevolle item te kan besit.

Die verstaan van hierdie gelykenisse en veral van ons fokus teks, v45-46, lê in dit wat hulle in gemeen het. **In beide ontdek iemand iets wat waardevol is en verkoop alles om dit in die hande te kry. Jesus help sy dissipels, en vir ons, om te verstaan dat net soos die pêrel, is die koninkryk van die hemel van onskatbare waarde. Dit is so waardevol dat mense alles daarvoor prys gee.**

# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

Jesus se volgelinge het nodig om te hoor dat die koninkryk wat Hy bring en vestig **baie besonders** is, en baie meer is as waarvoor hulle gehoop het.
**In 'n gebroke, deurmekaar en besige wêreld,** weet ons ook nie altyd waar ons **inpas of waarheen ons oppad is nie**. Maar een ding kan ons verseker weet: **Ons is burgers van God se koninkryk.** Matteus herinner ons net weereens dat niks daarby kom nie, dat niks van groter waarde vir ons kan wees as die koninkryk van die hemel nie. **Wanneer ek en jy dit besef, moet dit die manier hoe ons leef en wat ons prysge beïnvloed.**

Dit vra van ons om 'reg' te lewe, **om eerlik te wees; om waardes te hê wat in lyn is met God se wil. Ons moet dit wat vir Hom belangrik is prioritiseer, bo enige aardse of wêreldse verwagtinge** of **"trends"**, sodat dit kan bepaal wat ons doen en waarmee ons ons **"storage"** volmaak.

LOADING

HTTPS://WWW.UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREEKREEKS

## CHAT ROOM ?

1. Hoekom dink jy kies Jesus om die koninkryk van God te vergelyk met 'n pêrel? Wat probeer Hy daarmee sê?

2. Hoe verstaan jy die beeld van "alles verkoop"? Wat sou dit prakties kon beteken in 'n jong volwassene se lewe?

3. Is dit verkeerd om baie goed of belangrike dinge in jou **"lewens-storage"** te hê? Wanneer raak dit gevaarlik?

4. Dnk jy ons soek nog na God se koninkryk, of hoop ons dit val net in ons skoot?

5. Wat sou jy sê is op hierdie stadium die "pêrel" waarvoor jy alles sou gee? (En is dit alles werd?)

## PRAKTIESE RIGLYNE:

**Evalueer jou tyd:** Wat vat meeste van jou dag? Tik vir 'n week lank jou tyd- en energie-spandering in jou **Notes-app** neer. Wat leer jy?

**Maak geestelike spasie:** Verwyder een gewoonte of aktiwiteit hierdie week wat geestelik leeg maak, en vervang dit met iets wat lewe gee (stilte, Bybellees, koffie met 'n mentor).

**Skep prioriteits-layers:** Skryf drie dinge neer wat eerste moet kom in jou lewe. Hoe sou jou dag anders lyk as jy dit regtig eerste plaas?

**Wees radikaal eerlik:** Deel met iemand wat jou help onderskei tussen goed wat jy dink belangrik is, en wat regtig die moeite werd is.

# UITDAGING VIR DIE WEEK:

Probeer hierdie volgende geestelike oefening vir die week: **Daaglikse Ondersoek.**

God kom elke dag in elke moment van ons lewens na ons toe. Daaglikse ondersoek help ons om bewus te word van God se teenwoordigheid in ons lewens.

**1. Oorgang van die lewe na stil-wees voor God: Raak bewus van God se liefde vir jou. Kom tot rus in God se nabyheid**

- **Dankbaarheid:** Bedink alles wat jy vandag uit die hand van die Here ontvang het en dank Hom vir alles.
- **Versoek:** Vra God vir ‘n insig, gawe of geskenk wat jou vermoëns, soos jy hulle verstaan, oortref sodat jy sy Naam kan verheerlik deur jou lewe.
- **Hersiening:** Kyk terug oor jou dag. Laat jou dag soos ‘n film voor jou afspeel. Vra jouself af: Waar was jy vandag die meeste bewus van God se teenwoordigheid by jou? By watter geleentheid het dit vir jou gevoel dat God dalk afwesig is? Watter geleentheid het God vandag vir jou geskep om liefde te ontvang? Of om liefde te gee? Hoe het jy daarop reageer?
- **Vergifnis:** Vra God se vergifnis vir alles wat nie vandag volgens sy wil en plan geskied het nie. Vergewe ook diegene wat teenoor jou oortree het.
- **Vernuwing:** Dink oor die dag van môre. Hoe kan jy meewerk met wat Hy in jou lewe aan die doen is.


## UITDAGING VIR DIE WEEK:


**2.Oorgang van stil-wees voor God na die lewe:** Raak opnuut bewus van God se teenwoordigheid in jou lewe.

## PERSOONLIKE STILTETYD VIR DIE WEEK

VAT JOU 3 PRIORITEITE (WAT JY NEER GESKRYF HET BY DIE PRIORITEIT-LENS)

EN ELKE OGGEND VOORDAT JY JOU KAMER / VOORDEUR VERLAAT, VRA JY DIE HERE OM JOU VANDAG HIERMEE TE HELP.





BATTERY
LOW

# WEEK 4

[ARNO MEIRING]

## YSBREKER

Luister na Johannes Kerkorrel se “Hillbrow” Watter emosies maak dit in jou wakker? Deel dit twee-twee met mekaar.

## LUKAS 13:6-9

GELYKENIS VAN DIE ONVRUGBARE VYEBOOM

Ons het tot dusver gesels oor God se liefde vir ons **“verlore skape”**. Daarna het ons gepraat oor die Here se opdrag dat ons ewe genadig moet wees. Verlede week het ons na prioriteite gekyk. **Dalk is dit ‘n bietjie oorweldigend?** Hierdie week praat ons oor rus. Dit is belangrik om raak te sien dat jou batterye ook leeg raak. Hoe herlaai jy?

## DIE STORIE AGTER DIE STORIE

Wat is die storie agter die teks
In hierdie gelykenis praat Jesus met die skare mense. In die voorafgaande verse het hy ‘n vraag van iemand uit die skare geantwoord oor lyding. Jesus gee nie redes (of deel nie skuld uit ) vir mense se lyding nie, maar hou ‘n spieël voor; die skare moet eerder hulle eie optrede toets. Hy praat dus oor bekering. In hiérdie gelykenis gaan Jesus verder deur tog iets te sê oor wat God wel doen, en Jesus verduidelik dat die Here se aard genade is…

Die gelykenis lyk heel eenvoudig: die vyeboom wat nie vrugte dra nie; is mense wat slegte dinge doen; Jesus is die tuinier. Maar wie is dit wat die boom wil afkap?

**Nie God nie! Eerder Jesus se eie dissipels wat vreeslik vinnig is om ander te oordeel.** Jesus laat hulle dit nie toe nie. Hy wil eerder tyd gee, bemes. Jesus leer sy dissipels om ‘n bietjie geduldig te wees, om ook tyd te gee, om op die Here te vertrou.

## CHAT ROOM

·**Hoe dink jy oor God se aard?** Johannes die Doper het gedink dat Jesus sou kom om te veroordeel, "die byl staan al teen die boom"! Jesus het toe anders gedoen…
·**Wat is jou aard?** Is jy genadig? Teenoor ander? Hoeveel genade het jy vir jouself? 'n Wyse ouderling in ons gemeente sê altyd ons moet onsself ook vergewe. Ons almal doen dom dinge, maar ons lewe hoef nie daar te eindig nie. Ons kan ook verby dit gaan.
·**Stem jy saam dat ons ook dikwels met die byl gereedstaan om dinge vinning reg te ruk?** In watter verhoudinge moet ons 'n bietjie tyd gee en vertrou.
·**Gee jy jouself kans om te rus?**
Hoe herlaai jy jou eie batterye?
·**Is daar dinge waarvoor jy net die Here moet vertrou?**

## PRAKTIESE RIGLYNE

Ons is dikwels so vol planne en drome; hierdie gelykenis nooi ons om te wag op die Here, en om dan te verwag dat hierdie geduld vir ons lewe gee. Dit beteken ook dat ons skiet moet gee vir mekaar, dat ons vir mekaar nog 'n kans kan gee. Terloops, die woord om te wag "afes" is dieselfde woord as om te vergewe.

Johannes Kerkorrel sing in Hillbrow dat ons moet gee: ... ons sente, ons drome en ons harte...vir ons wêreld.

## UITDAGING VIR DIE WEEK:

Aesopus se fabels vertel van 'n boom wat geen vrugte gedra het nie. Die boer wou dit afkap ten spyte van die protes van die voëls en sonbesies wat daar gebly het, maar toe hy die boom drie keer met sy byl slaan, ontdek hy 'n bynes en heuning. Dit het daartoe gelei dat hy die boom gespaar het en dit met sorg begin versorg het Soek daardie "boom" hierdie week.

## GEBED

**Jesaja 30:15:**
So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.

# SYSTEM REBOOT INITIATED

# <RESTART REQUIRED>

**WEEK 5**

[ALICIA BOSMAN]

## YSBREKER

In hierdie week se gedeelte uit Lukas 16, hoor ons hoe Jesus 'n storie vertel van 'n oneerlike bestuurder wat skielik met sy eie onverantwoordelikheid gekonfronteer word. **Hy maak vinnig 'n oneerlike (was dit oneerlik?) maar goeie plan. Dit is nou die tyd om eerlik te wees met jouself oor waar jou lojaliteit lê, wat jy eerste kies.** Dit is tyd om van **vooraf te begin** met God as die middelpunt.

**LUKAS 16:1-13**

DIE ONEERLIKE BESTUURDER

Teen dié tyd het jy agtergekom dat hierdie '**System Update**' reeks nie net oor 'n paar klein updates in jou lewe - soos 'n nuwe wallpaper gaan nie, **maar oor 'n geloofs'update' wat meer verg.** Die afgelope 4 weke het jy al die **waarskuwings gesien en gevoel**, hierdie week ruk ons tot stilstand, **'RESTART REQUIRED'**.

Ons kan nie meer **update** nie, kan nie meer vinnig **inplug** om te laai nie. **'n Restart** beteken dat ons party dinge gaan **verloor**, seker gewoontes of oop 'tabs' en 'apps' gaan toemaak en laat verlore gaan. MAAR dit beteken ook dat jy 'n kans kry om weer te kies wat jy wil oopmaak.

Ons moet ons hele sisteem; ons waardesisteem van voor af opstel. Alles wat ons nie wil wees of doen nie is reeds weg. Ons **Restart** mos alles as ons nie meer weet watter kant toe nie, dit fix alles.

## CHAT ROOM

- Watter deel van die storie het jou getref of laat regop sit? Waarom?
- Is daar ’n karakter met wie jy jouself kon vereenselwig? Die bestuurder? Die eienaar?

Om hierdie gelykenis te verstaan, moet ons verstaan hoe eer, bestuur en rykdom in Jesus se tyd gewerk het. Hier is ‘n paar dinge wat jy moet weet:

## DIE STORIE AGTER DIE STORIE

- **Skuld as sosiale valuta**

In daardie tyd was skuld nie net iets wat jy moes terugbetaal nie. Dit het jou eer en plek in die gemeenskap beïnvloed. Wanneer die bestuurder die skuld verminder, doen hy dit waarskynlik met die hoop dat dié mense hom later sal onthou. Dis nie bloot 'n vriendelike gebaar nie, dis ’n strategiese oorlewingstaktiek in ’n wêreld waar skuld en sosiale guns hand aan hand gegaan het.

- **Bestuurders was middel-manne**

Hulle het nie self grond besit nie, maar bestuur vir iemand anders, dus kon hulle maklik korrup wees.

## CHAT ROOM

1. Die bestuurder reageer vinnig en maak 'n plan. Wat doen jy wanneer dinge skeefloop?

2. As jy eerlik moet wees, wie of wat is op die oomblik die "meester" van jou lewe? Wat vat jou energie en tyd?

3. Dink aan die uitdrukking "getrou in klein dinge." Wat beteken dit?

4. Wat beteken dit as God iets aan jou toevertrou? Wat doen ons met die wete?

5. Wat sal gebeur as jy 'restart' druk? Is jy dalk bang om iets te verloor?

## PRAKTIESE RIGLYNE:

Jesus se gelykenis vra van jou om nie net nuut te dink nie, maar nuut te leef.

**Hier is 5 stappe vir 'n geestelike restart:**

**1. RESTART: Doen** selfondersoek, staan bietjie stil, in stilte.

**2. 'Tab' vir 'tab:** Doen een ding op 'n slag moenie al die nuwe 'tabs' met waardes en standaarde gelyk oopmaak nie.

**3. 'Refresh' jou prioriteite:** Wat is belangrik? Fokus jou energie en tyd daarop.

**4. 'Scan' jou lojaliteite:** Watter dinge is besig om God se plek in te neem?

**5. Wees getrou met dit wat aan jou toevertrou is.**

# UITDAGING VIR DIE WEEK:

Maak 'n **'trust' lysie,** met dinge wat God aan jou toevertrou. Dalk is dit jou tyd, studies, verhoudings, finansies, invloed op ander – dit kan enige iets wees.

Kies een van hierdie dinge en vra jouself: Hoe kan ek hierdie week op 'n meer **getroue manier** daarmee omgaan, asof dit aan God behoort?

Skryf dit neer waar jy dit elke dag sien, dalk op jou foon of Laptop se **Homescreen** as herinnering dat jy **getrou moet bly al is dit iets klein**.



# PERSOONLIKE STILTETYD VIR DIE WEEK

## OGGEND

Elke oggend is amper soos 'n mini-restart, jy begin van voor af, 'n hele nuwe dag. 'n Oomblik van stilte voor jy weer heen en weer jaag. Jou skerm is swart en hy is besig om aan te gaan en wakker te word. Jy weet nog nie wat die dag vir jou inhou nie.

Jy kan wel hierdie dag goed en rustig begin; alles wat ons doen begin en vloei uit ons verhouding met God, daarom is die oggend se stiltetyd so belangrik.

**Lees Lukas 16:12-13**

"En as julle nie getrou is met wat aan iemand anders behoort nie, wie sal julle dan iets gee om self te besit?... Julle kan nie God én rykdom dien nie."

**Dink hieroor:**

- Is daar iets waaraan jy vashou of probeer bestuur wat eintlik aan God behoort, dis nie aan jou toevertrou nie, dis nie in jou hande nie?
- Hoe kan jy vandag leef op 'n manier wat wys jy leef vir God?

**Gebed:**

Here, help my om op U te vertrou, help my om getrou te wees met alles wat U reeds aan my toevertrou het.
Amen

# PERSOONLIKE STILTETYD VIR DIE WEEK

## AAND

Jy's aan die einde van die dag en dinge het dalk nie verloop soos jy beplan het nie. Môre probeer ons weer. Sit eers vir 'n oomblik: word stil en reflekteer…

**Lees weer Lukas 16:10**
"Wie in die kleinste dinge getrou is, is ook in die groot dinge getrou."

**Vra Jouself:**

- Waar het ek vandag regtig probeer om getrou te wees?
- Waar het ek maar net oorleef, of myself eerste gestel?
- Is daar iets wat ek môre anders kan aanpak?


**Gee dit vir God:**
Met alles wat vandag uitgewerk het en nie uitgewerk het nie, kom ek na U toe. Dankie dat U my lewe aan my toevertrou het. Here help my om meer soos U te wees, nader aan U te leef. Amen.

# READY TO USE

## WEEK 6

[ANUSCHKA SMIT]

jou geestelike system update is voltooi.
Jy't begin met 'n **waarskuwing ("System Error") – iets was fout.** Toe ontdek jy daar is dalk **corrupted files in jou hart – ongesonde patrone.** Jou binnekant het ook begin **vol voel** – van dinge wat nie meer plek verdien nie. **("Storage Full")**. Jy was moeg, **geestelik uitgeput. ("Battery Low").** En toe het jy besef: dis tyd vir 'n reset. ("Restart required").
Stukkie vir stukkie is jou stelsel herstel en skoongemaak. En nou, ná al die innerlike werk, verskyn die laaste **pop-up** op jou skerm:




**Ready to Use**

Maar kom ons wees eerlik – daardie oomblik is nie net opwindend nie…**dis ook intimiderend.** Want wat beteken dit regtig om "gereed" te wees?
Hierdie week kyk ons na twee gelykenisse wat jou gaan help ontdek wat dit beteken om gereed te wees:
'n Mosterdsaadjie wat iets massiefs word, en
'n Saaier wat vrymoedig en roekeloos saad strooi oral waar hy beweeg.
Hierdie is die oomblik waar jy begin groei. Is jy reg? Want God sê: **YOU ARE READY TO USE!!**

**MATTEUS 13:31-32**
[MOSTERDSAAD]
**&**
**MATTEUS 13:1-23**
[SAAIER]

## YSBREKER

**"Jy is nou READY TO USE – maar wat beteken dit?"**

**Laat elkeen in die groep sê:**

**1) As jy 'n app op iemand se foon moes wees, watter een sou jy wees – en hoekom?**

(TikTok – want ek's altyd aan die beweeg. Notes – want my kop is vol idees. Spotify – emosies met 'n klankbaan.)

**2) Draai die vraag nou om:** As God nou vir 'n oomblik deur jóú "spirituele foon" kyk – watter app dink jy is oop? En is jy 'n "background app"... of "Ready to Use"?

Gebruik dit as 'n lekker manier om oop te maak – met humor, maar ook met eerlikheid. Dit help almal dink oor waar hulle tans geestelik is: aan, af, in die agtergrond, of reg vir aksie.

## CHAT ROOM

**Gesels kort hieroor:**
Watter deel van die storie het jou die meeste getref of bygebly? Hoekom dink jy juis daardie deel?

# DIE STORIE AGTER DIE STORIE

- **Die Saaier: God se koninkryk is BUITENSPORIG EN UITSPATTIG**

In die antieke wêreld het boere nie sommer saad gemors nie – dit was skaars en duur. Maar in hierdie gelykenis is die Saaier radikaal: Hy saai oral – op pad, op klippe, tussen dorings en op goeie grond. Dis nie ekonomies slim nie… maar dis goddelik! Hierdie Saaier is God self, en Hy saai met oorvloed en hoop, selfs op plekke wat ons sou afskryf.

- **Die mosterdsaad:**
- **GROOT DINGE BEGIN KLEIN**

'n Mosterdsaadjie was die kleinste bekende saad in Palestina. Maar Jesus sê dis presies soos wat die Koninkryk werk – klein en amper onsigbaar, maar dan bars dit uit in iets wat 'n verskil maak. En dis nie net 'n boom nie – dis 'n toevlugsoord, 'n rusplek vir ander (soos voëls in die boom). Dit gaan nie net oor jou nie: dit gaan oor die ruimte wat jy vir ander skep.

## CHAT ROOM

1. Wat sê die beeld van God as roekelose Saaier vir jou? Hoe verskil dit van hoe jy God soms sien?

2. Dink jy God mors Sy tyd met sekere mense, of dalk met jou? Wat sou hierdie gelykenis van Jesus daarop antwoord?

3. Hoe voel jy oor die idee dat jy nou “ready to use” is – en dat jy ook geroep word om te saai?

4. In die mosterdsaad-gelykenis word die boom ’n rusplek vir ander. Watter tipe rus bring jy vir mense rondom jou?

5. Watter een van die twee gelykenisse spreek jou die meeste aan – en hoekom?

## PRAKTIESE RIGLYNE

- **God mors nie Sy saad nie – Hy kies om dit selfs op jou te gooi.**

Hy glo daar's iets in jou wat kan groei, al twyfel jy self.

- **Klein beteken nie onbelangrik nie.**

God se grootste werk begin dikwels met iets wat jy maklik sou miskyk: 'n gebed, 'n gesprek, 'n bietjie rus vir iemand anders.

- **Nie almal gaan jou pogings ontvang nie – saai in elk geval.**

Jou rol is nie om resultate te verseker nie. Dit is om teen alles hoop en sinloosheid aan te hou saai.

- **Jou lewe is nie net vir jouself nie.**

Die boom word nie groot net om mooi te lyk nie – dis vir voëls, vir ander. Jy is ook hier vir ander.

- **As jy stil bly, groei niks.**

Dis makliker om niks te doen nie, maar dan gebeur daar ook niks. Die Koninkryk kom nie deur versigtigheid nie.

## UITDAGING VIR DIE WEEK

Skryf op 'n klein stukkie papier: **"Ek is nou gereed om gebruik te word."** Sit dit op 'n plek waar jy dit elke dag sien – jou foon, jou laptop of jou spieël. En dan, elke oggend voordat jy jou dag aanpak, sê net eenvoudig: **"Here, gebruik my vandag – waar U wil, hoe U wil."**

## **OGGEND** - GOD WERK EERSTE

📖 Lees Matteus 13:3–8

💬 Reflekteer: God saai selfs waar dit onwaarskynlik lyk. Hy hou nie terug nie.

👉 Vra jouself: Watter plekke in my lewe dink ek is “onvrugbaar”? Glo ek regtig dat God dáár kan werk?

🙏 Bid:

“Here, saai U Woord in elke deel van my lewe – selfs in die plekke waar ek moed verloor het. Moenie spaar nie.”

# PERSOONLIKE STILTETYD VIR DIE WEEK

## **AAND** - KLEIN WORD GROOT

📖 Lees Matteus 13:31–32

💬 Reflekteer: Die mosterdsaad begin as niks besonders nie, maar word ’n skuilplek.


👉 Vra jouself: Was daar iets kleins wat ek vandag gegee het – tyd, woorde, aandag – wat God dalk kan gebruik?

🙏 Bid:

“Here, vat wat ek vandag gegee het – al was dit klein – en doen daarmee wat net U kan doen.”

# SYSTEM UPDATE

## PREEKREEKS



3 AUG – 7 SEPT

UNIVERSITEITSOORD.CO.ZA/PREEKREEKS

PREEKREEKS
2025

100%
COMPLETE